

21 April

Deur Jesus Christus mag jy voor God regop loop

Skrifgedeelte: Hebreërs 4:14 – 5:10

Fokusgedeelte: Hebreërs 4:15-16

Die mooiste woord vir enige burger van ons land is “vryheid”. Ons wil kan roem in ons vryheid om te kan stem, vrylik te mag praat oor wat op jou hart is en vry te lewe in ons mooi land.

Maar onthou die skoonste woord vir jou as burger van God se Koninkryk is: “Vrymoedigheid.” Die betekenis van jou vrymoedigheid word die beste verduidelik deur ’n Skrifgedeelte uit die Ou Testament. Levitikus 26:13: “... *Ek het die juk wat julle moes dra, gebreek en **julle vry maak.***” In die 1933-vertaling staan daar: “... *Ek het julle jukskeie verbreek en **het julle regop laat loop.***”

Jesus Christus se hoëpriesterlike werk beteken dat Hy die juk van ons sondes op sy skouers geneem het. As teken daarvan dra Hy die kruis op sy skouers en wanneer Hy daaraan sterf, verbreek Hy ons juk. Sy versoening gee ons die vrymoedigheid om in ons worsteling teen sonde na Hom toe te gaan. Hy verstaan die trekrag van sonde, want Hy is versoek net soos ons, behalwe dat Hy dit volmaak weerstaan en in gehoorsaamheid daarop reageer het.

Gaan met al jou sonde na Hom toe. Die Griekse woord vir vryheid beteken om “alles te mag sê”. Bely jou sonde eerlik voor God, want Jesus is jou Hoëpriester wat jou kan help met jou sonde. Hy sal jou van jou knieë af laat opstaan met ’n gereinigde gewete en jou deur sy Gees help om in ’n gehoorsame lewe regop en vrymoedig voor God te loop.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds. Daan Bakker (Boksburg)